

## Arm wees om ryk te word

Ds. H.P.Prinsloo (em. Bellville)

Hermanus: 7 Augustus 2011

Lees : Matt. 5:1 - 12 ; Luk 18:9 - 14

Teks: Matt 5:3

Sing: Ps 124: 1,4 ; Ps 130:2; Ps 62: 1, 4; Ps 138:1,2

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

In die ou vertaling staan daar, letterlik vertaal : "Salig is die wat arm van gees is."

Die uitdrukking, "arm van gees", het by baie mense dalk al 'n verkeerde indruk geskep, naamlik dat Jesus hier na verstandelik gestremdes sou verwys.

Daarom het die vertalers van die nuwe vertaling dit goed gedink om hierdie uitdrukking te vertaal as:

"... dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is."

Maar in Lukas 6:20 word daar egter, wat hierdie saligsprekinge betref, net na "armes" verwys:

"Salig is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God."

Daarteenoor word vir die rykes gesê:

"Wee julle rykes, want julle het julle troos weg."

Oor die onderskeid tussen ryk en arm lees ons ook in Openb. 2 en 3. Vir die gemeente van Smirna sê Jesus:

"Ek ken julle armoede en tog is julle ryk."

Teen die ryk inwoners van Smirna , was die gelowiges in daardie tyd baie arm.

Maar daarteenoor sê Hy vir die gemeente van Laodisea:  
 "Julle sê: Ons is ryk, skatryk en ons het niks meer nodig nie, en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal."

Ook in die gelykenis van die rykman en Lasarus maak Jesus die onderskeid tussen ryk en arm.

Dan moet ons ook onthou dat toe Jesus daardie dag verklaar het:

"Salig is hulle wat arm van gees is," Hy dit vir mense gesê het wat werklik arm was.

Dit was veral duisende arm en behoeftige mense wat Hom gevolg het. Dink maar aan die twee wondertekens van die vermeerdering van die brode.

Dit wil voorkom asof Jesus definitief 'n radikale skeiding tussen ryk en arm maak, in dié sin dat net mense wat arm is, gered sal word. En dit maak 'n mens nogal bekommerd.

Beteken dit dat die wonderlike beloftes van die saligsprekinge net betrekking op arm en behoeftige mense het?

Moet 'n mens dan eers arm word soos die miljoene in plakkerskampe, die miljoene werkloses, voordat jy vir die koninkryk van die hemel in aanmerking kan kom?

Hoe moet ons dit verstaan?

1. Dit wat die Here hier sê, sal ons alleen kan begryp as ons weet wat dit beteken toe Jesus verklaar het: "Salig is hulle...".

Die woord "salig" het 'n besondere betekenis. Dit beteken dat mense wat deur Jesus salig verklaar is, buitengewoon gelukkig kan wees.

Ons almal wil graag gelukkig wees, nie waar nie? Ons wil nie elke dag gespanne wees en in onsekerheid lewe nie. Ons wil nie oor ons toekoms bekommerd wees nie. Ons wil sekerheid hê.

Maar nou sê die Here juis vir ellendige arm mense, van wie ons dit allermins verwag:  
"Salig is julle..."

Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan mense wat vervolgd word, mense wat in ellende lewe en beklaenswaardig is, buitengewoon gelukkig wees? Hoe kan hulle so swaar kry in hierdie wêreld en tog nog gelukkig lewe?

Om watter rede kan daar vir sulke mense gesê word: Julle is buitengewoon gelukkig?  
Ons kom later na die rede hiervoor terug.

Kom ons let eers op die volgende: Hy sê nie vir sulke mense dat hulle salig of buitengewoon gelukkig sal word nie.

Met ander woorde, hulle ellende en armoede is nie 'n voorwaarde om ééndag gelukkig te word nie.

En, jy hoef nie eers arm te word om dan deur Jesus salig verklaar te word nie.

Nee, Hy sê:

"Salig is hulle...", m.a.w., buitengewoon gelukkig is hulle, selfs al is hulle arm en ellendig.

Wat hier vir ons van belang is, is dat dit Jesus is, en net Hy alleen, wat vir mense kan sê: "Salig is julle..."  
Hy alleen kan ons salig of buitengewoon gelukkig maak onder watter omstandighede ookal.

Die eerste belangrike rede waarom Jesus kan verklaar: "Salig is hulle...", is juis Sy teenwoordigheid by mense. En sy teenwoordigheid veroorsaak dat hulle buitengewoon gelukkig kan wees.

Hiervan sê Paulus:

"God is vir ons. Wie kan dan teen ons wees?"( Rom. 8:31).

U weet, baie mense is deesdae so bekommerd en onseker, veral oor die toekoms. Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat ons die Here se betrokkenheid en teenwoordigheid by ons nie werklik belewe soos dit behoort te wees nie.

In Jes. 55:6 word die noodsaaklikheid hiervan beklemtoon:

"Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is. Roep Hom aan terwyl Hy nog naby is."

Elke dag moet vir ons 'n dag wees om onder die beskermende hand van God te lewe.

In ons teksvers vestig Jesus juis ons aandag op Sy teenwoordigheid by ons. Dit is Hý wat na óns toe kom om vir ons te sê:

"Salig is julle.."

Die werklike rede waarom ons so besonder gelukkig kan wees, is die Here se teenwoordigheid in ons lewens. Hy is die enigste bron van ons hoogste geluksaligheid.

In Matt.28 lees ons die volgende:

" En Ek sal met julle wees tot met die voleinding van die wêreld"

Hy is só íntens by ons betrokke deur die inwoning van die Heilige Gees en sy Woord.

Maar om te verstaan waarom dit vir ons so belangrik is, moet ons teruggaan na die oorsprong van al ons ongelukkigheid. En dit het gebeur met die sondeval in die Paradys.

In die Paradys het die ganse mensdom homself van die onbeskryflike geluksaligheid van die Here se teenwoordigheid beroof, want die mens wou mos soos God wees - en dit geld die ganse menslike geslag.

Hiervan sê Paulus in Rom. 5:12:

"Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom, en deur die sonde die dood. En so het die dood tot alle mense deurgedring omdat almal gesondig het."

Maar toe kom Jesus Christus na die wêreld toe, al wou die wêreld Hom nie aanvaar nie. Hoewel Hy God is, het Hy Homself verneder deur afstand te doen van Sy goddelike heerlikheid. Hy het 'n slaaf vir mense geword.

Hy het die weg van verskriklike lyding en kruisiging gegaan om ons weer met God te versoen. Hy het as oorwinnaar uit die dood opgestaan. Daarom kan Hy in Joh. 11:25 verklaar:

"Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook. Elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

Die dood wat ons ewige straf in die duister doderyk van Godverlatenheid moes wees, is deur Jesus oorwin met sy opstanding uit die dood.

Nou weet ons dat ons bestemming op ons sterfdag by die Here is. En dit is omdat Hy in ons lewens teenwoordig is. Daarvan verseker die Heilige Gees ons.

En daarom kan Hý, Jesus, en net Hý, verklaar:  
"Salig is julle - buitengewoon gelukkig is julle."

Want dit is aan die kruis wat Hy die oorsaak van ons totale ongelukkigheid weggeneem omdat Hy ten volle vir ons sondeskuld betaal het; en ook omdat Hy die oordeel van God, wat vir ons bedoel is, op Hom geneem het.

"Salig is julle...":

Deur Mý is julle vrygespreek van al julle sondeskuld. Julle is verlos uit die mag van Satan en die sonde. Voor God is julle rein, skoongewas van julle sondesmet om weer met ons versoen te wees. En julle het 'n heerlike toekoms wat op julle wag: Die koninkryk van die hemel !

Kan daar dan groter geluk wees as dit?

2. Maar nou, hoe kan ons hierdie buitengewone geluksaligheid elke dag belewe en ervaar, al gaan dit hoe ellendig met ons ?

Jesus gee hierop ook vir ons die antwoord: "Salig is hulle wat arm van gees is".

Om hierdie geluk selfs onder uiterste omstandighede van ongelukkigheid te belewe, is daar 'n persoonlike vraag wat aan elkeen van ons gevra word. En die vraag is:

Is jy onder diegene wat arm van gees is?

En dit beteken: Besef jy jou eie onbekwaamheid en hulpeloosheid al is jy hoogseleerd en ryklik voorsien van aardse besittings? Besef jy hóé afhanklik jy van God is?

Besef jy dat in jou strewe na beter lewensomstandighede, jy uit jouself en volgens jou eie vermoëns en kragte, niks vermag nie?

Die uitdrukking "arm van gees" wys juis dat die mens uit homself niks kan doen om vir hom ewige geluksaligheid te verseker nie.

Ja, miskien tydelik kortstondige geluk op aarde. Maar as die siekte of die dood kom, dan is dit verby met hierdie stukkie aardse geluk.

Hierteenoor kon Paulus bely het:

" As ek swak is, dan alleen is ek sterk."( 2 Kor 12:10).

En hy gee die rede in Filip. 4: 12,13.

"Ék weet wat armoede is, en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding."

En dan verklaar hy: "Ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag gee."

En dit is in voorspoed en in teëspoed.

Paulus het geweet wat "arm van gees" beteken. Daarom het hy bely dat sy verwagting en hoop alleen op God gevestig is.

Kyk ons egter na die moderne mensdom vandag, dan wil dit voorkom asof mense gladnie meer daarvan bewus is hoe arm ons voor die Here is, en hoe swak ons werklik is nie.

Die mens vandag het so groot , so slim en so magtig geword, dat hy die Here nie meer nodig het nie, al weet hy van Hom.

Met al die geweldige tegnologiese wetenskaplike kennis en ontdekkings, kan hy mos goed vir homself sorg; weet hy mos self wat die beste vir hom is; besluit hyself wat hy sal glo en nie glo nie.

'n Mens kry dit selfs op die terrein van godsdiens soos dit die geval met die Fariseër van Lukas 18 was.

Vir hom het dit nie gegaan oor hoe afhanklik hy van die Here was nie, maar oor alles wat hy in sy grootheidswaan en hoogmoed vir die Here kan aanbied.

Luister maar hoe baie bied hy aan:

"Ek vas twee maal per week.

Ek gee 'n tiende van al my inkomste vir die Here,"

en :

Ek dank U dat ek nie soos ander mense is wat niks het om vir U te gee nie, ja soos die tollenaar daar agter."

Die arme versukkelde skepsel! Hy kom hier aan met leë hande !

Maar dit is juis hierdie verwaande, hooghartige mens wat deur Jesus se saligspreking weggewys word. Sulke mense het geen aandeel in die ewige geluksaligheid wat net van die Here af kom nie.

Daarom sê Jesus in die gelykenis met betrekking tot die tollenaar - (...en hulle was juis die rykes van daardie tyd )-

"Salig is hy wat met leë hande na God toe kom."

En meer nog:

Gelukkig is hulle wat net met swaarbelaaide sondeskuld na God toe kom en smekend pleit:



"Wees my arme sondaar genadig."

Mense wat besef hoe arm hulle voor die Here is, is mense wat uit genade begryp dat jou lewe los van die Here Jesus Christus die grootste armoede denkbaar is.

Daarom besef hulle ook dat jy niks uit jouself het waarop jy kan staatmaak nie.

En om dit te weet en te besef is net genade.

Om met bedelaarshande na die Here toe te gaan is net genade. Daarom het Jesus ook vir Sy dissipels in Matt. 18:3 gesê:

"As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie."

Ons moet inderdaad soos klein kindertjies word, afhanklik, nederig en gehoorsaam. Ons moet voortdurend bid om leiding en krag deur die Heilige Gees sodat ons nie verstriek raak in ons ou sondige natuur van verwaandheid, hoogmoed en selfsug nie.

So sal ons die besondere troos en rykdom van hierdie saligspreking nou al belewe: En dit is om erfgename te wees van die koninkryk van God.

Hierdie koninkryk verseker ons nou al van geregtigheid en vrede en blydskap.

- Geregtigheid, omdat ons in Christus vrygespreek is om nou al kinders van ons hemelse Vader te wees.

- Vrede, want ons het die ware vrede van God in Christus ontvang om nou en elke dag in vrede met Hom en met mekaar te lewe.

- Blydskap, is die vrug van die Heilige Gees om selfs nieteenstaande droefheid en beproewinge, ons in die Here te verbly.

Verder hoef ons nooit bekommerd oor die toekoms te wees nie, want ons burgerskap is reeds in die hemel. Niks op aarde kan ons ooit weer daarvan beroof nie.

Weldra wanneer Jesus weer kom, sal ons vir altyd in volkome geluksaligheid met God op die nuwe aarde lewe. Jesus het ons hiervan verseker met hierdie saligspreking:

"Salig is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

AMEN

Betrek in die sirkel van God se liefdeDs HP Prinsloo (em Bellville)Hermanus nagmaal: 27 Nov 2011Lees Johannes 17:1 - 26Teks: Johannes 17:24Sing: Ps 118:12,14; Ps 65:2; Skb. 18.1:1,6; Ps 23:3;

116:7 ev Ps 73:10,12.

*" Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U aan My gegee het, ook by My moet wees sodat hulle my heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het."*

Hierdie aangrypende gebed het Jesus laat die Donderdagaand gebid voor sy kruisiging die volgende dag. Gedurende daardie aand het baie dinge gebeur.

Dit was 'n aand wat gevul was met Jesus se liefde tot die uiterste vir ons soos dit in Joh. 13:1 ook bekend gemaak word met dié woorde:

" Hy het sy mense wat in die wêreld is, liefgehad. Hy het hulle tot die uiterste liefgehad."

Toe het daar 'n hele aantal dramatiese gebeure plaasgevind. Dit is gebeure wat getuig het van Jesus se liefde tot die uiterste vir ons.

Net voordat hulle met die Paasfeesviering begin het, het Jesus, hoewel Hyself sy dissipels en ons, se Here en Meester is, Homself verneder tot die gestalte van 'n

slaaf. Hy het die werk van 'n slaaf gedoen toe Hy sy dissipels se vuil voete gewas het.

Daarna het Jesus saam met sy dissipels vir oulaas die Ou Testamentiese Paasfees gevier. En net toe die Paasviering afgehandel is, het Hy weer gebid, die brood gebreek en vir hulle gegee om te eet met dié woorde: " Dit is My liggaam wat vir julle gegee word. Eet dit."

Net daarna volg Sy drinkbeker met die wyn met die verklaring:

" Dit is die nuwe verbond in My bloed: Drink almal daaruit."

Hiermee het Jesus die Ou Testamentiese Paasfees finaal laat oorgaan in die nagmaal. Die nagmaal is dan ook die bewys van Jesus se uiterste liefde vir ons. Dit is ook vir ons die versekering dat deur Hom ons ook in die binnekring van God se liefde betrek word. Hy is immers ons Gasheer by die Nagmaalviering.

Hierna het 'n aantal vertroostende en bemoedigende gesprekke met sy dissipels gevolg. En dan sluit Jesus daardie aand se gebeure af met die hoëpriesterlike gebed. Met hierdie gebed word die kroon geplaas op die betekenis van Jesus se liefde vir sy kerk op aarde.

In die beginverse van Jesus se gebed soos ons dit lees in verse 1 - 5 , was hierdie kring van God se liefde net van toepassing op die onderlinge liefdesband in God-Drie-enig, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees.

Vanaf verse 6 - 19 word hierdie kring van God se liefde wyer getrek deurdat die dissipels ook hierby ingesluit word. Maar Jesus wou nie net sy dissipels met sy gebed hierby betrek nie. Almal wat die Vader aan Hom gegee het, moet in hierdie besondere verhouding van liefde betrek word.

1. Hy het volgens verse 20 - 26 hiervoor gebid. Volgens vers 24 vat Hy sy begeerte eerstens saam met die woorde:

*" Vader, Ek wil hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees sodat hulle My heerlijkheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My lief gehad het voor die skepping van die wêreld."*

Dit wat vir ons so aangrypend is van hierdie gebedswoorde, is dat Jesus ook vir ons insluit in die binnekring van goddelike heerlijkheid. En dit is 'n kring van volkome liefde.

Dit is egter nie vir alle mense gegee om God se heerlijkheid te aanskou nie. Dit is net bedoel vir mense vir wie Hy innig liefhet: net vir mense "... wat U aan My gegee het," het HY gesê.

Hier bid Jesus vir sy kerk as 'n volkome eenheid. Die kerk is sy voltooide liggaam op die dag van sy wederkoms; dit is sy voltallige huisgesin. Dit is 'n huisgesin wat nou nog in wording is.

En die mense vir wie Hy daardie aand gebid het, en nog steeds bid, is nie mense vir wie ons graag in die kring van óns huisgesin sou wou betrek het nie want Hy bid vir mense wat toe nog, en ook vorentoe, eiewillig, ondankbaar, selfsugtig en vyandig sou wees.

Dit was en is sulke mense vir wie Jesus in die huislike kring van sy Vader wil betrek. Hierdie tipe mense is ook óns wat Jesus by Hom as sy broers en susters wil hê.

En dit wat vir ons nog meer verstommend is, is dat Hy wil hê dat dít wat Hy as die Seun van die Vader het, ook met ons wil deel. Hy wil ook aan ons wat dit nie verdien het nie, die ewige lewe gee sodat ons sy broers en susters kan wees.

En die ewige lewe, sê Jesus in vers 3, is "... dat hulle *Úken*, en *Jesus Christus* wat *U gestuur het*." Hy wil hê dat sý Vader ook óns Vader sal wees en sy wettige kinders.

Hy wil hê dat ons net so 'n volwaardige plek in die gemeenskap van die Vaderhuis sal hê soos dit met Hom die geval is. Hy wil nie hê dat dit eers eendag moet gebeur nie.

Die ewige lewe, die nuwe lewe om nou al kinders in die huisgesin van God te wees, moet nou al vir ons 'n werklikheid begin word. Daarom bid Hy ook:

*"... nie dat U hulle nou al uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle teen die bese sal bewaar totdat Ek kom om hulle te kom haal."*

Al is ons nog in hierdie wêreld, behoort ons nou al volkome tot die huisgesin van die Here. Elke dag kan ons sy liefde ervaar. Hy wil dan ook dat ons op grond van sy liefde sy heerlikheid sal aanskou.

Die woord " sien" of " aanskou", beteken nie dat ons op 'n afstand onbetrokke toeskouers van die Here se heerlikheid sal wees nie, maar dat ons deel sal hê aan sy heerlikheid.

Jesus se heerlikheid lê daarin dat Hy aan die kruis die mag van Satan oor ons verbreek het. En verder, dat Hy die mag wat die dood oor ons het ook verbreek het toe Hy uit die dood opgestaan het. Daarom is aan Hom alle mag in die hemel en op aarde gegee.

Jesus verwys met hierdie versoek aan sy Vader dat ons ook deel sal hê aan sy heerlikheid op die dag van sy wederkoms. Eers dan sal ons volkome deel hê aan sy heerlikheid.

Maar dit verwys ook na elke gelowige se sterfdag. Eers op daardie dag sal elke gelowige volgens Openbaring 20:4 volkome deel hê aan Christus se heerlikheid om saam met Hom op trone te sit en as konings te regeer.

Tog kan ons nou al, hoewel nog vaag, deel hê aan Jesus se heerlikheid deurdat ons te midde van al die ellende en beproewinge tog op aarde alreeds meer as oorwinnaars kan wees deur Hom, nl. Jesus Christus, wat vir ons liefhet ( Rom, 8:37).

2. Maar laat ons nou verder vasstel waarom Jesus hierdie besondere versoek tot sy Vader gerig het.

Dit was die laaste aand sedert Jesus se menswording op aarde. Die volgende dag het Hy die grootste offer denkbaar gebring met sy kruisiging.

Daarom bid Hy daardie aand:  
*" Vader, Ek wil..."*.

Na regte was dit die eerste en enigste keer wat Jesus tot sy Vader gebid het met die woorde: " Ek wil."

Tevore het Hy altyd gebid: " Nie My wil nie, maar U wil", toe dit Hom persoonlik geraak het. Toe Hy egter in hierdie geval gebid het, " Ek wil...", het dit nie oor sý belange gegaan nie, maar oor ons belange.

Letterlik, uit Grieks vertaal, lui hierdie versoek dan ook so:

*" Dat hulle wat U aan My gegee het, Ek wil dat waar Ek is, hulle ook by My sal wees."*

Die feit dat Hy, volgens die Griekse vertaling, sy mense wat die Vader aan Hom gegee het, in hierdie versoek



eerste noem, beteken dat dit vir Jesus eerstens oor ons belange gaan. Ons belange is vir Hom die belangrikste.

Verder moet ons in gedagte hou dat as Hy bid: " Ek wil...", dan maak Hy hier sy laaste wense bekend voor sy kruisiging die volgende dag.

Hierdie versoek is egter nie net 'n laaste begeerte van 'n sterwende nie.

Dit is 'n uitdruklike versoek wat Hy tot sy Vader gerig het. Hierdie gebed is immers Jesus se laaste openbare optrede. Hy het dit geweet. Daarom kan hierdie gebed ook gesien word as Jesus se testament waarin Hy ons as erfgename van sy testament gemaak het.

En dan benoem Hy sy Vader met die woorde "Ek wil...", as Eksekuteur van sy boedel. Dit is sy laaste versoek dat sy Vader moet toesien dat ons hierdie besondere erfporisie sal ontvang.

En die erfporisie is dat ons in die kring van God se liefde opgeneem sal word, om nou al , hoe vaag ook al, sal deel in Jesus se oorwinnaarsheerlikheid.

Dit is egter nie 'n onmoontlike versoek nie, want Jesus grond hierdie versoek op dit wat Hy in vers 4 gebid het, nl.

*"Ek het U op aarde verheerlik deur die werk wat U my gegee het, te voltooi."*

Hiermee verwys Hy na die voltooiing van sy werk die volgende dag met sy kruisiging en daarna.

Alleen langs die weg van die kruis het Hy dit ook vir ons moontlik gemaak om in die kring van God se liefde betrek te word. Want toe het Hy volkome versoening gedoen vir al ons sondes.

Daarom oorhandig Jesus met hierdie versoek sy testament aan sy Vader om toe te sien dat die ware erfgename, hulle vir wie Hy gely en gesterf het, sal deel in die erfenis wat hy vir ons verwerf het.

Op grond van hierdie erfenis het ons nou al ons burgerskap in die nuwe hemel en op aarde ontvang. Ons kan nou al deel in sy heerlikheid om deur Jesus meer as oorwinnaars te wees. Ook oor die sonde en die duiwel.

3. Ons sal hierdie sekerheid alleen kan ontvang as ons in die kring van God se liefde bly deur aan Hom gehoorsaam te wees. Jesus het dit self in Johannes 14:23 gesê met die woorde:

*" As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem. En my Vader sal Hom liefhê , en ons sal na hom toe kom en in hom woon".*

Dit het gebeur op Pinksterdag toe God, die Heilige Gees, deur die Woordverkondiging in ons harte kom woon het.

Die vraag is egter wie hulle is wat in die kring van God se liefde ingetrek word. Jesus maak immers hier 'n onderskeid. Sy versoek raak nie alle mense nie. Sy versoek raak net die mense vir wie Hy tot sy Vader bid, nl.

"... hulle wat U aan My gegee het."

Maar wie is hierdie begenadigde mense?

Die antwoord op dié vraag sal ons ook in die nagmaalformulier vind soos Paulus dit onder andere in 1 Kor. 11 beskryf: Laat ons dan nou hierna luister.

### Nagmaalsformulier

"Ek het van die Here ontvang wat Ek ook aan julle oorgelewer het ..... daarom moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys."

-----

Omdat ons op grond van God se liefde deel is van hierdie begenadigde mense wil Jesus Christus deur die Heilige Gees sy testament opnuut aan ons bevestig wanneer ons aan sy tafel kom aansit.

" Mag die almagtige God en vader van ons Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons daartoe help.

AMEN.



Die Here het waarlik opgestaan

Ds HP Prinsloo:

Kleinmond: 04/04/2010

Afsluitingspreek na diensooreenkoms met Kleinmond

Lees: Joh. 20:1 - 10; 1 Kor. 15:12 - 24

Teks: Joh. 20:5 - 8;

Sing: Ps 118:12,13    PS 25:5    Skb. 5-4:1,2    Skb. 5-3: 4,5

" As Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos, en is julle nog gevange in julle sonde. As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammeringswaardigste van alle mense."

Paulus het hierdie woorde geskryf aan die gemeente in Korinthe . Alreeds in die eerste Nuwe Testamentiese gemeentes was daar al lidmate wat nie geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het nie.

Ons kan nog baie verder teruggaan. Selfs in die Ou Testamentiese tyd het Israel nie geglo in 'n Messias wat moes kom en sterf en weer uit die dood uit sal opstaan nie.

Daarom, toe hy werklik gekom het, het hulle Hom nie as hulle langverwagte Messias aanvaar nie. Hulle het Hom gehaat. Hulle het Hom bespot en gemartel en aan 'n kruis opgehang.

Hulle het verder dit vir Hom menslik gesproke onmoontlik probeer maak om uit die graf op te staan. Hulle het die groot klip voor die grafopening verseël. Hulle het Romeinse wagte gekry om die graf te bewaak. Jesus se liggaam moet ten alle koste in die graf agterbly.

Maar tot vandag toe is daar nog mense wat hulleself christene noem, en tog glo hulle nie in die opstanding van Jesus nie. Maar dit is vir sulke mense soos die nuwe Hervormers van vandag aan wie Paulus ook die volgende woorde gerig het:

"As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammeringswaardigste van alle mense."

Ons kan nog verder gaan: As ons nie glo in Christus se opstanding nie, dan is ons geloof net so 'n jammerlike hopelose verlore geloof soos Jesus se dissipels se geloof was direk na sy kruisiging.

Johannes sê in vers 9:

" Hulle het nog nie die Skif verstaan dat Jesus uit die dood moes opstaan nie."

- En dit, ten spyte van die feit dat Jesus vooraf by drie geleenthede hulle duidelik verseker het, dat Hy op die derde dag uit die dood sal opstaan.

Ons geloof in Jesus is nie net 'n geloof in sy lyde en sterwe nie, maar veral 'n opstandingsgeloof. Want deur sy opstanding uit die dood verseker Hy ons dat sy lyde en sterwe nie tevergeefs was nie.

Omdat sy opstanding uit die dood so uiters belangrik is, het Hy alles gedoen sodat ons onvoorwaardelik sal glo dat Hy werklik opgestaan het. Hy het gesorg dat daar

ooggetuies was om die werklikheid van sy opstanding wêreldwyd te verkondig.

Daarom het Hy oor 40 dae na sy opstanding verskeie kere aan verskillende mense verskyn. Hy het geweet dat Satan alles sou doen om ons te laat twyfel in die opstanding van die Here.

Twee van hierdie getuies was Johannes en Petrus. En vir hulle het die sekerheid van die opstanding reeds vroeg daardie eerste Sondagoggend aan die lig gekom.

Nadat Jesus daardie Vrydag aan die kruis gesterf het, is sy liggaam van die kruis afgehaal. Sy liggaam is inderhaas gebalsem en met doeke toegedraai.

Toe is sy liggaam in 'n graf wat uit rots uitgekap was, neergelê. Die hoofdoek is oor sy kop geplaas. Die grafopening is toe met 'n groot ronde klip toegemaak.



Maar toe breek die Sondag aan. Die eerste mense by die graf was 'n paar vroue. Hulle wou Jesus se liggaam nog verder gaan balsem. Die vorige Vrydag was daar nie genoeg tyd om dit te doen nie.

Maar toe hulle by die graf kom, het die soldate reeds gevlug. Die klip voor die grafopening was weggerol en die graf was leeg. Maria Magdalena het gedink dat iemand Jesus se liggaam uit die graf verwyder het.

Toe hardloop sy na die dissipels toe. Die dissipels self het op daardie tydstip nog glad nie daaraan gedink dat Jesus uit die dood sou opstaan nie. Trouens, volgens Luk. 24:11, het hulle die vroue se praatjies as onsin beskou en hulle nie geglo nie.

Twee van die dissipels het egter na die graf toe gehardloop om vas te stel wat dan gebeur het. Hulle was Petrus en Johannes. Ook hulle het die graf oop gevind. Maar wie het die groot ronde klip vir Hom weggerol?

Ons weet egter nou dat Jesus nie iemand nodig gehad het om die klip voor die graf vir Hom weg te rol nie. In Johannes 20: 19 lees ons immers dat Jesus meteens by sy dissipels in die kamer ingekom het. Die kamer se deur was egter gesluit.

Soos Jesus in daardie toe kamer kon inkom sonder dat die deur vir Hom oopgesluit moes word, net so kon die verseëelde klip voor die graf ook nie sy opgestane liggaam in die graf hou nie.

Hy het dus nie die hulp van engele nodig gehad om die klip voor die opening vir Hom weg te rol nie. Trouens, Hy was reeds uit die graf nog voordat die klip weggerol was.

Mense, die dissipels miskien, sou dit ook nie gedoen het nie. Die Romeinse soldate sou dit verhoed het. Die enigste alternatief was dat dit die werk van 'n engel was soos ons dit ook in Matt. 28:2 lees. Jesus was toe egter reeds uit die graf.

" 'n Engel van Die Here het van die hemel af gekom na die toe gegaan, die klip weggerol, en daarop gaan sit."

Maar Jesus was toe alreeds uit die graf.

Die Here het egter hiermee 'n doel. Hy het 'n engel gestuur om die klip weg te rol ter wille van die vroue en die dissipels en ons.

Toe die vroue by die graf gekom het, het die engel hulle gevra:

" Waarom soek julle die lewende by die dooies? Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek."

Die engele was dus met 'n doel, ter wille van ons, by die graf. Volgens Mattt. 28 het hulle vir die vroue gesê :

" Kom nader en kyk: daar is die plek waar die Here gelê het."

So word op daardie eerste Opstandingsondag ons aandag gevestig op die plek waar die Here gelê het. Die engele het die klip weggerol sodat die vroue en dissipels en ons,

deur hulle oë, na die plek kan kyk waar die Here dood gelê het.

Petrus en Johannes het dan ook gehardloop om na hierdie besondere plek te kom kyk. En Johannes het dit wat hulle gesien het op 'n besondere wyse beskryf sodat die geslagte wat kom deur hulle oë kon sien en glo.

" Die Here het waarlik opgestaan."

Dit hang natuurlik af hoe en wat ons deur hulle oë sien.

In vers 5 - 8 word die woord "sien" drie maal gebruik. In Grieks word daar egter drie verskillende woorde vir "sien" gebruik. Elke woord het 'n ander betekenis.

Johannes het eerste by die graf gekom. Hy het net gebuk en gekyk. Hier beteken "sien" om net vlugtig rond te kyk. Johannes het net gesien dat die graf leeg was.

Daarna het Petrus in die graf ingegaan. Ook hy het gesien, maar anders as Johannes.

Hier beteken " sien" om aandagtig te bekyk.

Hy het die plek waar Jesus se liggaam gelê het indringend bekyk. Toe het hy iets besonders opgemerk. Dit wat hy gesien het het hom met verwondering aangegryp. ( Luk. 24:12)

Toe het Johannes in die graf ingegaan. Hy het weer gekyk. Maar die keer anders as die vorige keer. Die manier waarop hy toe gekyk het, het hom skielik tot 'n wonderbaarlike besef gebring: Die Here het waarlik uit die dood opgestaan!

Johannes sien in die graf God se teken as duidelike bewys dat Jesus opgestaan het. Daarom lees ons:

" Hy het gesien en geglo." Hy het met die geloofsoog gesien.

Die Here het dus die grafdoeke as teken in die graf agter gelaat om ons geloof in Jesus se opstanding uit die dood te bevestig.

Die vraag is nou:

Wat was so besonders aan die plek waar die grafdoeke gelê dat Petrus verwonderd was oor wat hy gesien het en dat Johnnes gesien en geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het?

Daar is twee aspekte waarna ons moet kyk om hierdie grootse wonder te besef en te glo. Die doeke waarmee Jesus se liggaam toegedraai was verkondig 'n besondere oorwinningsboodskap oor die dood.

Die eerste aspek wat vir ons belangrik is, is die feit dat Jesus die doeke in die graf agtergelaat het as getuie van sy opstanding met 'n verheerlikte liggaam.

Om die betekenis hiervan te verstaan, moet ons eers na 'n ander graf gaan kyk. En dit is die graf van Lasarus volgens Johannes 11. Lasarus was ook met doeke toegedraai.

Die doel hiervan was om die liggaam met sekere speserye te behandel en met doeke toe te draai om die liggaam teen verderwing te bewaar.

Toe Lasarus deur Jesus uit die dood opgewek is, het hy egter met doeke en al uit die graf gekom. Sy liggaam waarmee hy uit die graf gekom het, was nog aan verderwing onderhewig. Lasarus sou dus nog 'n keer in die graf moet ingaan.

Maar Jesus het daardie doeke wat sy liggaam teen verderwing moes bewaar, in die graf agtergelaat. Sy liggaam waarmee Hy uit die graf gekom het, sal dus nie meer aan verderwing onderhewig wees nie.

Hy het met 'n besondere liggaam uit die graf opgestaan: 'n verheerlikte liggaam. Dit was steeds 'n menslike liggaam ; 'n liggaam waaraan Thomas kon vat; 'n liggaam met die wonde van die kruis daaraan. Maar nou 'n opstandingsliggaam wat nooit weer in die graf sal ingaan nie.

Daar is 'n tweede aspek van die grafdoeke waaroor Petrus so verwonderd was en waardeur Johannes gesien en geglo het. Ons kan aanvaar dat dit die wyse was waarop die doeke daar gelê het.

Johannes het dit wel nie beskryf nie. Tog , soos Jesus uit die graf gekom het sonder dat iemand vir Hom die klip voor die opening moes wegrol, so het Hy ook nie nodig gehad dat iemand of Hyself die doeke om sy liggaam moes afdraai nie.

Met sy verheerlikte liggaam het Hy uit die toegedraaide doeke verrys sodat die doeke in die vorm van sy liggaam in die graf agtergebly het.

Soos 'n handskoen wat daar lê nadat die hand daar uitgetrek is, so lê die grafdoeke in die graf. Daarom was Petrus so verwonderd toe hy die doeke gesien het.



Die Here het waarlik uit die dood opgestaan. Niemand kan dit betwyfel nie. Die grafdoeke in die graf is die sekere en onweerlegbare bewys van sy opstanding.

En nou, broeders en susters, op grond van Jesus se opstanding uit die dood, glo ons vas en seker dat ons wat aan Hom behoort, ook op die jongste dag uit die dood sal opstaan met egte menslike liggame. Maar dan: opstandingsliggame sonder sonde en sonder gebreke - 'n verheerlikte liggaam.

Jesus se opstanding uit die dood is egter nou al van besondere betekenis vir ons. Op grond van sy opstanding is ons nou al hier op aarde opstandingskinders wat deel het aan Jesus se opstanding.

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, was dit ook ons wat met ons sondes saam met Hom aan die kruis gesterf het. Ons is vir die sonde dood omdat Hy ten volle vir ons sondeskuld betaal het.

En toe Jesus uit die dood opgestaan het, het ons saam met Hom opgestaan tot 'n nuwe lewe, die ewige lewe, om nou al kinders van God te wees.

1 Johanes 3:1:

"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."

Johannes sê ook in 1 Johannes 3:14:

" ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe ( die ewige lewe) verhuis het."

Hierdie nuwe lewe wat ons op grond van Christus se sterwe en opstanding deur die Heilige Gees ontvang het, laat ons nie net bely dat Christus vir al ons sondes betaal het nie. Maar dit wek ons op tot 'n nuwe lewe van dankbaarheid om voluit vir God te lewe.

As ons dan werklik glo dat Jesus uit die dood opgestaan het, dan het hierdie opstandingsgeloof betrekking op ons lewe hier en nou. Ons is immers as opstandingskinders tempels in wie die Heilige Gees woon. Daarom moet ons gedrag deur die Gees en die Woord bepaal word.

Dit beteken:

1. Ons verstand moet deur die Heilige Gees beheers word. Jesus het immers die Heilige Gees gestuur om ons uit die Woord te herinner en te leer oor hoe ons gehoorsaam moet lewe ( Joh. 14:26).

Daarom moet ons die Bybel doelgerig bestudeer sodat ons te wete kan kom wat die wil van God is om te doen wat vir Hom goed en aanneemlik is.

2. Verder word ons wil deur die Heilige Gees in beslag geneem sodat ons nie meer eiewillig sal wees nie, maar dat ons wil verander word om te wil wat God wil.

3. Ook ons emosies, ons gevoelens, word deur die Heilige Gees beheers. Daarom sal ons aan die een kant met ware hartgrondige berou teenoor God bely oor die sondige wat nog in ons lewens woeker. Aan die ander kant sal ons ons vreugde in die Here vind om soos sy kinders te lewe..

Omdat ons dan deel het aan Jesus se opstanding moet ons ons daarvoor beywer om soos opstandingskinders te lewe. Die Here is immers deur sy Gees en Woord besig om ons nou al gereed te maak vir ons eintlike opstanding wanneer Jesus kom om ons te kom haal.

Met hierdie seker wete en geloof:

" Die Here het waarlik opgestaan",

beëindig ek my hulpdiens in die gemeente van Kleinmond. Ek doen met met innige dankbaarheid aan die Here dat Hy aan my die geleentheid gegee het om vir ongeveer ses jaar in so 'n besondere gemeente soos Kleinmond diensbaar te kon wees.

Vir my en Marlien was dit 'n hoogtepunt in ons hele bedieningstyd. Kleinmond se gemeente het ons met groot liefde ontvang en omhels.

Ek groet julle met die woorde waarmee die eerste gelowiges na Jesus se opstanding mekaar gereed gegroet het, naamlik

" Die Here het opgestaan!"

AMEN



Die Woord is die lig wat insig gee.Ds HP Prinsloo ( em Bellville)Hermanus: 5 Februarie 2012Lees: Psalm 119:129 - 136Teks: Ps 119:130Sing: Ps 33:1,5; Ps 119:1; Ps 119: 39,48; Ps. 89:6,7

Broeders en susters, Psalm 119 staan bekend as een van die wysheidspalms. Dit is dus 'n psalm waardeur mense wysheid of insig kan bekom.

Die bedoeling volgens die psalm is dan dat ons alleen waarlik insig sal ontvang as ons lewens gegrond en gebou word in die lig van God se Woord. Die teksvers, vers 130 maak dit dan ook aan ons bekend met die woorde:

*" Die oopgaan van U Woord gee lig. Dit maak eenvoudiges verstandig."*

Volgens die nuwe vertaling word hierdie teks so vertaal:

*" Wanneer U Woord vir mense oopgaan, bring dit lig. Dit gee insig aan die wat nog onervare is."*

Dit wat verder ook nog van Psalm 119 opvallend is, is dat daar feitlik in elke vers direk of indirek na die Wet of die Woord van God verwys word, en verder wat die Woord alles vir ons beteken.

Die Hebreuse woord "Tora" wat telkens in die Psalm met "wet" vertaal word, het nie net betrekking op die Tien Gebooe as sodanig nie. Dit het 'n wyere betekenis.

Dit beteken ook 'n goddelike onderwysing of openbaring of bekendmaking deur die Here.

Die digter van hierdie wysheidspalm wys dan ook voortdurend daarop dat gehoorsaamheid aan die onderwysing deur die Here nooit 'n las is nie, maar 'n lus en 'n vreugde vir ons om daarvolgens te lewe.

Vers 130 wys inderdaat ook vir ons op die besondere betekenis van die Woord van die Here vir ons. Die kerngedagte is dan ook dat die Woord 'n lig is vir eenvoudiges of onervarenes om wysheid te bekom.

Om egter te besef wat dit alles beteken, moet ons hierdie vers wat in Hebreus net uit vyf woorde bestaan, feitlik woord word ook met ander Skrifgedeeltes vergelyk.

Die Woord van God verklaar immers homself. En dan let ons veral op die betekenis van drie woorde nl. *onervarenes*, *lig* en *wysheid of insig*

1. Eerstens moet ons vasstel wie die mense is wat deur die lig van die Woord insig of wysheid kan kry. Dit is die onervarenes of eenvoudiges

In die ou en nuwe vertaling word daar in die vers onderskeidelik verwys na "eenvoudiges" of "onervarenes". Volgens ons oppervlakkige oordeel klink die vertaling na 'n baie onskuldige benaming.

In Psalm 116 : 6 lees ons dan ook:

*"Die Here bewaar die eenvoudiges".*

Die benaming "eenvoudiges"soos in Ps 119 gebruik, het dan volgens óns oordeel verkeerdelik betrekking op mense wat nederig is.

Nederige mense is juis hulle wat deur die Here hoog geag word. Daar staan dan in Lukas 1:52 dat die Here nederiges of geringes verhoog. Daarom sê Paulus in Rom 12 :16

*"Skaar julle by die nederiges."*

Die woord "eenvoudiges" word in Hebreeus ook met jong kindertjies in verband gebring, kindertjies wat nog onervare is. En dan dink ons verkeerdelik oor dit wat Jesus vir sy hoogmoedige dissipels in Matt 18:3 en 4 sê:



*" As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.*

*Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk."*

Met hierdie voorbeelde in gedagte, kan ons maklik tot die gevolgtrekking kom dat dit tot ons voordeel strek om as eenvoudiges of onervarenes gereken te word.

Dit is volgens ons oordeel dan die teenoorgestelde van hoogmoed. En vir hoogmoedige selfversekerde mense is daar mos nie plek in die koninkryk van die hemel nie.

Maar weet u , die Here bedoel met die benaming eintlik iets heel anders. Om in die Bybel deur Hom as "eenvoudiges" of "onervarenes", genoem te word , is glad nie so onskuldig soos ons miskien dink nie.

Die Hebreuse woord wat in Afrikaans met "eenvoudig" of "onervare" vertaal word, beteken na regte om dwaas of naïef te wees.

'n Onervarene is volgens Hebreus ook iemand wat liggelowig is. So 'n persoon laat hom maklik om die bos lei.

Die mens volgens sy sondige natuur is inderdaad vir die Here 'n dwaas of 'n liggelowige. As gevolg van ons sondige aard is ons vir die Here onkundig.

Paulus sê byvoorbeeld in 1 Kor. 2:14:

*" Die natuurlike mens, dit is die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van God nie.*

*Vir dié mense is die dinge van God onsin of dwaasheid."*

Daarom, weet u, is dit nie iets om op te roem as jy jouself sien as onervare of naïef nie. In die oë van die Here is naïewiteit en liggelowigheid geen verskoning nie, en daarom verwerplik.

Hierdie sonde het sy oorsprong in die Paradys. Ons voorouers, Adam en Eva, wat van beter moes geweet het, en wel wysheid en insig in die dinge van die Here gehad het, maar het dwaas gehandel toe hulle nie die waarheid wou aanvaar nie, maar die leuen van Satan geglo het.

Hulle was werklik eenvoudig of naïef deur te glo dat hulle soos God sou word as hulle van die verbode vrugte sou eet. Die gevolg hiervan was en is noodlottig.

Ons dink maar net wat hieruit voortgevloei het:

Vervreemding van God. Die dood vir ons almal, die ewige dood, en in hierdie wêreld oneindige lyding, haat, moord, geweld, oorloë, ongekenne goddeloosheid, korrupsie soos ons dit trouens vandag ook in ons land en oral belewe.

Ons belewe hoe onervarenes optree; mense vir wie die dinge van die Here dwaasheid is. Die natuurlike, naïewe, liggelowige, sondige mens kan nie en wil nie die dinge van God aanvaar en verstaan nie.

Geen mens sal ook uit eie wil na die Here toe kom om te wete te kom wat sy wil is nie. Daarom woon daar vandag in hierdie wêreld duisende miljoene mense wat in die oë van die Here onervare of naïef of eenvoudig is.

Die doel van die Here se openbaring in onder andere die wydheidsboeke en sekere psalms soos Ps. 119 is juis om aan ons bekend te maak hoe naïef en liggelowig en onervare ons as mense in sy oë is.

Om onervare, kinderlik, eenvoudig en liggelowig te wees is beslis nie iets om op te roem nie.

In Ef. 4:12 - 14 beklemtoon Paulus hoe noodsaaklik dit is dat ons uit die Woord toegerus moet word sodat ons in liefde by die waarheid sal bly. Want so sê hy:

*" So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God."*

*" Dan," sê hy verder: " sal ons nie meer kinders wees nie. Ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as valse leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie."*

Om dan so toegerus te word beteken dat ons nie meer liggelowig sal wees om alles vir soetkoek op te eet nie. Ons sal die Woord wat deur leraars aan ons verkondig word , aan die Woord van God toets.

Ons sal onself as lidmate van 'n gemeente nie beskou as leke nie: dit is as onervarenes in kennis van die Woord van God nie. En dit nogal as verskoning gelate aanvaar nie.

Wie ookal met sulke verskonings kom, bly liggelowig en onervare. Hulle laat hulle maklik mislei.

2. Natuurlik is dit net genade as ons tot die besef kan kom dat ons werklik eenvoudig en onervare is in die sake van die Here.

In vers 130 word vir ons tweedens gesê hoe ons onself kan ontdek as onervare. Dit bring ons by die betekenis van die woord " Lig" en die oopgaan van die Woord.

Letterlik vertaal staan daar geskryf:

*" Die oopgaan van U Woord gee lig."*

Volgens die nuwe vertaling word dit so omskryf:

*" Wanneer U Woord vir mens oopgaan, bring dit lig."*

Ons natuurlike, onervare, sondige lewens kan vergelyk word met 'n donker, toe, stowwerige vertrek met net 'n enkele deur as opening. Maar die deur is ook toe.

Die oopgaan van die Woord is dan soos wanneer die deur van ons donker lewensvertrek van buite af oopgemaak word sodat die helder sonlig van die Woord in ons lewens kan skyn .

Die Woord bring dan vars nuwe lig en lug.

Wanneer die Woord van God vir ons oopgaan sodat die lig van God se liefde en genade in ons donker sondige harte begin inskyn, eers dan begin ons om te besef hoe eenvoudig en onervare ons werklik is.

Maar broeders en susters, die Woord kan alleen vir ons oopgemaak word deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees alleen oortuig ons deur die Woord dat ons totaal onervare en oningelig is aangaande die sake van die Here.

Laat ons nou eers besin oor wat dit beteken as die Woord van God vir ons oopgaan.

Dit het reeds begin direk na die sondeval toe die Here vir Adam en Eva wat vir Hom weggekruip het, gaan opsoek het.

Die oopgaan van die Woord beteken dus dat die Here self deur sy Woord na ons toe kom. Hy kom na ons toe om vir ons in hierdie donker wêreld waar ons vir Hom wegkruip, weer lig te bring.

Die hele Ou Testament getuig van die Here wat na die verlore, sondige, onervare mensdom gekom het om weer lig te bring.

In Hebr. 1:1 en 2 lees ons:

*"In die verlede het God baie keer op baie maniere met ons voorvaders deur profete gepraat." ( vers 2)*

Die Woord van die Here het egter eers volkome vir ons oopgegaan toe Jesus Christus, die Seun van God, mens geword het. Hy, self ook God, het sigbaar onder ons kom woon.

Johannes getuig daarvan in sy Evangelie, hoofstuk 1. In vers 4 staan geskryf:

*" In Hom was die lewe. En die lewe was die lig vir die mense. Die Lig skyn in die duisternis."*

Die profetiese woorde van Ps. 119:130, nl.

*" Die oopgaan van U Woord is 'n lig vir die mense,"* is dus vokome vervul met die koms van Jesus Christus na hierdie donker wêreld.

Hy is die ware Lig wat kom skyn het in die duisternis van ons doodsonde van onervarenheid, dwaasheid en naiwiteit. As die ware Lig het Hy gekom om ons op te wek uit ons doodsbestaan tot 'n nuwe lewe, die ewige lewe van waarheid en liefde.

En die Heilige Gees het na Jesus se hemelvaart gekom om ons deur die Woord hiervan te oortuig. Sonder die verligting van die Heilige Gees deur die Woord as die Lig op ons lewenspad sou ons in ewige duisternis, sonder enige toekomsverwagting, onervare geleef het.

Ons sou soos miljoene mense niks van die liefde en genade van God ons Vader deur Jesus Christus ons Verlosser kon belewe en verstaan het nie. Daar sou vir ons geen troos en geen sekerheid gewees het nie.

Maar omdat die Woord deur die Gees vir ons oopgegaan het, bring die Woord vir ons 'n helder lig op ons lewenspad. Dan word wat in hierdie teks belowe word, ook in ons lewens vervul.

3. Die Woord van God wat deur die Gees lig vir die donker wêreld bring, gee aan ons wat eenvoudig of onervare moes wees, insig en wysheid. Dit bring ons *derdens* by die betekenis van insig of wysheid.

Hierdie wysheid is nie die skynwysheid van die wêreld nie. Dit is wysheid as gawe van God deur die Heilige Gees aan ons geskenk. Die wysheid beteken om insig te verkry in die openbaringe van die Here.

Mense wat deur ander as uiters onkundig en onervare beskou word, ja, selfs kindertjies, sal meer insig hê in die openbaring van die

Here as selfs hoogs geleerdes wat net op hulle eie kennis en insig staat maak.

Daardie hooggeleerde wetenskaplikes op watter gebied ookal, bly totaal onervare en onkundig as hulle nie deur die lig van die Woord insig of wysheid van die Here ontvang nie.

Die woord 'insig" of "wysheid" beteken dat ons in die lig van God se Woord die vermoë ontvang om te kan onderskei wat reg en volgens God se wil is teenoor wat is stryd is met sy wil.

Deur die Woord neem ons ook toe in geloof en kennis van die Here Jesus Christus. Sy eerste koms na hierdie donker wêreld, sy lyde en sterwe aan die kruis, sy opstanding uit die dood , het 'n radikale verandering in ons lewens gebring.

Hieruit kom ons te wete hóé lief God ons werklik het.

In 1 Johannes 3:1 lees ons:

*" Kyk watter liefde het die Vader aan ons bewys het. Hy noem ons kinders van God. En ons is dit ook."*

Daarom kan Paulus ook in 1 Kor. 1:30 verklaar:

*" Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die Wysheid wat van God kom; die vrypraak, die heiliging en die verlossing."*



Wie Jesus Christus verwerp as ons enigste Saligmaker en Verlosser, verwerp dus die Wysheid wat van God kom. Sulke mense bly onervare en dwaas en lewe in die duisternis.

Maar ons het uit genade die Woord van God ontvang wat vir ons die Lig op ons lewenspad is om insig te bekom.

Ps. 119 : 130 openbaar weer aan ons watter wonderlike plek die Woord in ons lewens inneem.

As ons gelowig en biddend voortdurend ag gee op die Woord van God, dan gaan sy Woord vir ons oop. En ons ontvang uit die Woord insig om te onderskei wat volgens God se wil is.

Deur die Heilige Gees word ons dan ook in staat gestel om te doen wat God wil. En ons wil graag die Here behaag in ons verhouding met Hom en met mekaar. Ons lê ons daarop toe om Jesus as voorbeeld na te volg, al is dit in swakheid.

Dan leef ons ook nie meer in vrees en onsekerheid oor die toekomst. Ons ontvang die sekerheid waarheen die Here met ons op pad is. Deur die Woord volhard ons in die hoop op die wederkoms van Christus.

Ons is immers verseker: Die goeie werk waarmee God deur sy Woord en Gees in ons begin het, sal Hy enduit voer en dit voleindig op die verlossingsdag wat kom.

Dan sal ons vir altyd in die lig van sy liefdevolle en genadige teenwoordigheid lewe.

AMEN

Ons gemeenskaplikheid is die vrug van Jesus se eensaamheid 3

Ds HP Prinsloo (em Bellville)

19 Februarie 2012

(Vorbereiding)

Lees: Matt. 26:31-35; 47 - 56 1 Kor 10:14 - 17

Teks: Matt 26:56; 1 Kor 10:16, 17

Sing: Psalm 146:1,3 Skb. 5-3:1 ,2 ; Skb 2-4: 1,3

Na die viering van die eerste nagmaal soos Jesus dit ingestel het, het Hy by wyse van nabetrugting nog enkele gesprekke met sy dissipels gevoer. Judas was toe nie meer by hulle nie.

Vir oulaas het Hy sy dissipels gewaarsku, maar ook bemoedig. Hy het geweet dat sy tyd aangepreek het om sy roeping te vervul. Toe het Hy en die elf dissipels in die donker nag na Getsemane gegaan.

Hy het geweet dat Hy van daardie oomblik af die verskriklike eensame pad moes loop. Daarom het Hy daardie nag die eensame weg soos sy Vader dit beskik het, gegaan. Trouens, Hy het Homself hiervoor beskikbaar gestel.

Kan ons ons ooit indink hoe smartlik dit vir Hom moes gewees het?

Daar in die tuin van Getsemane, toe Hy gebid het, het sy sweet soos bloed van Hom afgedrup. Hy het geweet wat vir Hom voorlê. Hy het geweet dat dit alles 'n vervulling is van God se raadsplan.

En toe daarna, te midde van al die verwarring, die haat, die vyandskap, toe vlug die dissipels ook vreesbevange van Hom af weg. U weet, dit moes pynlik en

hartverseurend vir Hom gewees het toe Hy alleen gelaat is, omring deur 'n vloekende, stokswaaiende gepeupel.

En tog was daar pas voor hierdie gebeure, en tydens sy gevangening, genoeg bewyse dat dit God self was wat hier aan die werk was. Dit wat daardie nag gebeur het, was 'n vervulling van die Skrif.

Net voor hierdie gebeurtenis het Jesus volgens vers 31 vir sy dissipels gesê:

"Julle almal sal My vannag nog in die steek laat."

En dit verwys Hy na Sagaria 13:7 waar daar staan:

"Ek sal die herder slaan en die skape sal verstrooi word."

Dit moes gebeur sodat die Skrif vervul kon word.

Aanvanklik kon die dissipels nie glo dat hulle so lafhartig en ontrou aan hulle Here sou wees nie. Petrus het homself so dapper gehou dat hy gesê het dat, al vlug almal, hý by Jesus sal staan. Ons weet wat toe met Petrus gebeur het. Hy het nie net gevlug nie. Hy het meester ook nog daarna driemaal verloën:

"Ek ken die man nie!"

En toe die gespuis rondom Jesus en sy dissipels dreigend gestaan en gewonder het watter een van hulle Jesus is, toe het Hyself vorentoe gestap en gesê:

"Ek is die Jees wat julle soek."

En toe steier die spul uit vrees agteroor.

Ook dié gebeure moes tog so 'n groot indruk op die dissipels maak het dat hulle bereid moes wees om Jesus op daardie oomblik by te staan.

Maar dit het nie. Jesus moes Homself 'n tweede keer aan die vyand bekend stel as dié Persoon wat deur hulle gesoek word. Hy moes self sy hande na hulle uitsteek om geboei te word. So het Jesus Homself vrywillig oorgegee om as gevangene weggeneem te word. Die dissipels moes dit ook aanskou het!

Jesus het egter, omdat Hy sy mense tot die uiterste toe liefgehad het, hulle belange op die hart gedra. Hy het die vyand oorreed om sy dissipels ongedeerd te laat weggaan toe Hy gesê het:

“ As julle Mý dan soek, laat hierdie manne weggaan.”

Ook dit is 'n vervulling van die Woord waar daar verklaar word dat almal van hulle wat wat aan Hom gegee is, nie een uit sy hand geruk is nie. Selfs onder daardie tragiese omstandighede, toe Jesus gebind is, was sy dissipels steeds veilig onder sy troue sorg.

Dan wonder 'n mens, kon die dissipels nie tog maar, ten spyte van die vreeslike omstandighede, aan die Here getrou gebly het nie? Dit het egter nie gebeur nie, want toe Jesus sy hande uitsteek om geboei te word, toe laat hulle Hom in die steek en hardloop weg.

Wie sou ooit die smart van Jesus kon beskryf toe hulle wat die naaste aan Hom was, ook weghardloop? Ons moet tog onthou dat Jesus ook 'n mens was soos ons. Daar in die tuin het Hy vir Petrus, Johannes en Jakobus gesê:

“ Ek is doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My.”

Soos dit met ons die geval is, het Hy ook behoefte gehad aan ondersteuning en liefde van hulle wat so na aan hom was. Maar Hy moes hierdie eensame pad alleen loop. Almal het Hom verlaat.

Ons mense is geskape om in gemeenskap met mekaar te lewe. Maar as daardie gemeenskapsband, veral in die huwelik tussen man en vrou deur die dood verbreek word, is die eensaamheid vir hulle wat agterbly, ondraaglik. En tog het óns in sulke gevalle dalk nog kinders, familie en vriende wat ons deur daardie eensame jare kan bystaan.

Vir Jesus het daar egter toe Hy gevange geneem is, niemand oorgebly nie. In hierdie uur van benoudheid, het selfs sy getrouste vriende Hom alleen gelaat. Van daardie oomblik af was Hy totaal eensaam en omring deur 'n haatdraende spottende vyand.

Maar waarom het die Here in sy raadsplan dan bepaal dat dit so moes gebeur? Waarom was dit noodsaaklik dat Jesus ook nog sy lydingsweg as totaal eensame moes gaan?

Ons kan sê: sodat die Skrif vervul moes word. En dit is waar.

Maar tog hinder dit mens. Waarom het die Here dit dan noodsaaklik geag dat sy geliefde Seun geheel en al as Eensame agtergelaat moes word? Waarom moes hierdie eensame pad ook deel wees van sy verskriklike lyding?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons eers vasstel waar die ellende van eensaamheid vandaan kom. Daar is net een antwoord. Eensaamheid is die gevolg van die sonde. Dit het sy oorsprong in die Paradys.

Toe Adam en Eva in die Paradys aan God ongehoorsaam was, het hulle die innige band van gemeenskap met Hom verbreek. Dit het onmiddellik 'n nadelige invloed op hulle huwelik gehad toe onderlinge beskuldigings kom. Net daarna is die gemeenskap tussen hulle kinders tragies verbreek toe Kaïn vir Abel doodgeslaan het.

Deur die eeue het die band van gemeenskap wat van ons kant af met God verbreek is, ontsettende gevolge vir die mensdom gehad. Ons dink maar net aan al die verskriklike oorloë deur die eeue.

Daar word wel vandag in die wêreld, en in ons land, en in ons kerke, gestrewe na onderlinge vrede en liefde sodat ons weer in gemeenskap met mekaar kan lewe. En tog, ten spyte van al die pogings word volke en mense en selfs kerke uitmekaar geskeur as gevolg van onderlinge haat en onverdraagsaamheid.

Die feit dat ons in hierdie wêreld nie lankal totaal in eensaam verlatenheid verval het nie, is net toe te skryf aan die genade van die Here. Ons verdien egter om totaal eensaam en van God verlate te wees. Maar nou het Jesus gekom. Hy het die verskriklike straf van eensaamheid om van God en mens verlate te wees, wat vir ons bedoel was, op Hom geneem.

Daardie nag het die ontsettende lyding van eensaamheid stap vir stap toegeneem. Daar was eerstens die verhore, eers deur die Joodse raad, en toe deur die heidense owerheid. En hoewel Hy totaal onskuldig was, word Hy die skuldige. Alleen staan Hy as Beskuldigde, as Misdadiger, in die hof. Daar is niemand wat vir Hom getuig nie - niemand wat Hom verdedig nie.

Wat het geword van al die duisende wat Hom gevolg het? Hulle wat na sy prediking geluister het en daardie duisende vir wie Hy kos gegee het toe hulle honger was?

Vroeg daardie Vrydagoggend staan hulle in hulle duisende voor die paleis van Justisie, en vol haat skreeu hulle:

" Kruisig Hom, kruisig Hom!"

En toe, nege-uur daardie oggend, hang hulle Hom nakend aan 'n kruis op. Die wêreld verwerp Hom. Vir die goddelose wêreld word hy uitgelewer as die totale Eensame. Hy was nie welkom by ons nie.

Maar die ergste moes nog kom: Twaalfuur word dit pikdonker. Die ewige nag van godverlatenheid sak oor Hom toe. Nie net die vyandige mensdom nie, maar ook sy Vader, verlaat Hom!

Só erg word sy eensaamheid. Hy dra die helse smarte van Godverlatenheid:

"My God, My God, waarom het U My verlaat?"

So , in totale eensaamheid, het hy die beker van God se oordeel wat vir ons bedoel was, gedrink tot met sy dood en begrafnis.

Nou het ons geen woorde nie, geen mens op aarde is by magte om te beskryf hoe skrikwekkend Jesus se lyding en sy eensaamheid was nie. Al wat ons kan sê, is dat hulle wat ongelowig bly, die verskrikking van daardie eensaamheid vir ewig in die hel sal belewe.



Wat ons egter nog kan sê is dat ons nooit Jesus se eensame, Middelaarslyding sommer maar net as vanselfsprekend kan ervaar nie. Dit wat ons met groot dankbaarheid moet besef, is dat God in sy ewige raadsplan besluit het dat ons verlossing alleen op hierdie wyse moes geskied.

En Jesus, die Seun van God, het in die uitvoering van hierdie raadsplan dit vrywillig op Homself geneem om hierdie verskriklike pad van eensaamheid en verlatenheid in ons plek te gaan.

Die eensaamheid en verskeurdheid wat vir ons bedoel was, het plek gemaak vir God se oneindige liefde vir ons. Op grond van dié liefde noem Hy ons nou sy kinders. En daarom is ons nou reeds Sy kinders.

Ons sal nooit weer eensaam en verlate wees nie, want na Jesus se hemelvaart, het God, die Heilige Gees, in ons kom woon. Hy bewaar en verseël ons tot op die dag van Jesus se wederkoms. Daarom kan ons met vreugde bely:  
 "God is vir ons. Wie kan teen ons wees? Wie kan ons skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus is?"

Ons kan nog verder gaan: Dit wat nooit sou gebeur het nie, gebeur nou. Deur Christus se versoeningswerk word ons wat totale vreemdelinge vir mekaar moes wees, nou deur die Gees en die Woord saamgebind tot 'n liefdevolle gemeenskap van gelowiges; 'n huisgesin van God en broers en susters van mekaar en van Jesus.

En nou, op grond van Christus se onbeskryflike eensame lyding waardeur ons saamgebind is tot 'n liefdevolle gemeenskap van gelowiges; bring dit ons by nabetraging terug na die nagmaalsviering van vanoggend

Die nagmaal is immers 'n gemeenskaplike maal.. Dit is dan ook 'n teken van die Here waardeur Hy aan ons bevestig hoe innig ons gemeenskap met Hom is, en die gemeenskap tussen ons as gelowiges met mekaar.

Nou met ons onself en elkeen afsonderlik die vraag afvra: Wat is die vrug van die nagmaalsviering in ons lewens, en wat doen ons daarmee?

En dan is daar twee vrae volgens 1 Kor. 10 oor die vrug van die nagmaal wat aan die gemeente in korinthe gestel is. Volgens vers 16 word aan ons gevra:

"Die beker van danksegging, is dit nie gemeenskap met die bloed van Christus nie?"

En verder in vers 16 die tweede vraag:

"Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?"

Maar nou eers die vraag: Waarom het Paulus hierdie verse aan daardie gemeente gestel? Wel, wat die gemeenskap van gelowigs betref, het dit in daardie gemeente nie goed gegaan nie.

- Daar was verdeeldheid en kliekvorming in daardie gemeente wat onderlinge twis veroorsaak het. Gaan lees maar weer hoofstuk 3.
- Daar was onsedelikheid sonder om die tug toe te pas volgens hoofstuk 5. in hoofstuk 6 lees ons van wêreldse hofsake tussen gelowiges.
- Daar was afgodery, hoofstuk 10; asook hooghartigheid met betrekking tot die gawes van die gGees: Hoofstuk 14.

En nou terug by die vrae oor ons deelname aan die nagmaal:

" Die beker van danksegging, is dit nie gemeenskap met die bloed van Christus nie?"

Deur ons deelname aan die nagmaal van vanoggend het ons dus bely dat ons gemeenskaplik deel het aan die bloed van Christus.

Waarom kan ons dan sê dat ons gemeenskaplik deel het aan die bloed van Christus?

Omdat die Here self in Lukas 22:20 gesê het:

" Hierdie beker is die nuwe verbond, of testament in My bloed."

Die "nuwe verbond" wys juis op ons gemeenskaplikheid as gemeente. Die Here het volgens Gen 17 sy verbond nie net met Abraham gesluit nie, maar met Hom en sy hele nageslag.

Almal wat dus soos Abraham geglo het, het deur die bloed van Christus gemeenskaplik deel aan mekaar. Almal wat dus glo soos Abraham geglo het, het deur die bloed van Christus gemeenskaplik deel aan mekaar. Almal is die een volk van God, sy huisgesin. Almal gemeenskaplik is die bruid van die bruidegom, Jesus Christus.

En nou,, die bloed van Christus, wat beteken dit? Die Here verbied tog sy volk in Lev 7:26 om nie die bloed van diere te eet nie. En in Gen 9:5 sê Hy die bloed is die lewe.

Tog sê Jesus in Johannes 6:56:

" Wie My bloed drink, bly in My", want , so sê Hy in vers 5,

" Wie My bloed drink het die ewige lewe."

Christus het sy bloed vergiet sodat ons wat dood was in die sonde, die nuwe lewe, die ewige lewe ontvang het om nou al kinders van God genoem te word.

Daarom het Paulus ook in Galasiërs 2:20 bely:

" En nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die gesindheid van Christus moet nou al in ons lewens sigbaar word , as vrug op ons Nagmaalviering.

Hiervan is die beker met die wyn wat ons gedrink het die Here se sigbare teken en bewys wat Hy aan ons gegee het om gemeenskaplik huisgesin wan God te wees.

En nou die tweede vraag:

"Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?"

Jesus het Sy liggaam ter wille van ons laat kruisig sodat ons volkome en gemeenskaplik deel kan wees van Sy liggaam. En meer nog: Sodat ons Sy liggaam kan word. Hiervan is die brood die teken en bewys.

Daarom kan Paulus in vers 17 verklaar:

"Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

In Efesiërs 4: 15,16 word hierdie een liggaam vir ons so beskryf:

"Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof en uit Hom groei die liggaam. Die verskillende

liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde."

En in 1 Kor. 12: 24 ev word van die een liggaam, die gemeente van God, die volgende verklaar:

"God het die liggaam so saamgestel sodat daar nie verdeeltheid in die liggaam sou wees nie maar dat die liggaam gelyke sorg vir mekaar dra. As die een lid ly, ly al die lede saam; en as die een lid geëer word, is al die lede saam bly."

Broeders en susters, so is ons gemeenskaplikheid met Christus en met mekaar die vrug van Christus se totale eensame lyding tot met Sy dood.

Maar Hy het met Sy opstanding die satan en die dood oorwin. As oorwinnaar is Hy met ons tot met die voleinding. Intussen rus die Heilige Gees ons deur die Woord en die Nagmaal toe sodat ons nou al sal groei en toeneem in hierdie gemeenskaplikheid met Christus ons Hoof en onderling as lede van Sy liggaam.

So word ons gereed gemaak as bruid vir die bruilofsmaal van die Lam op die dag van Sy wederkoms. Dan sal ons volkome een met Hom en met mekaar wees.

Daarom mag ons ons deelname aan die Nagmaal vanoggend nie as 'n afgehandelde geleentheid beskou nie, maar ons moet ons daarvoor inspan om te lewe as die liggaam van Christus en as lede van mekaar. Die Heilige Gees het immers gekom om ons gewillig te maak en instaat te stel om te doen wat God wil.

AMEN



Wat is 'n ware geloof.Ds HP Prinsloo (em Bellville)Hermanus: 29 Januarie 2012Lees: Matt 15:21-28Teks: Matt 15:21 - 28Sing: Ps 9:1,7,10    Ps 94:6    Ps 31:12,17    Skb 12-3:1,2

Ons hoor al hoe meer oor die radio en in die pers, soos ook in die afgelope week oor RSG se program " Praat Saam", hoe mense wat voorheen gelowig was, met die tyd hulle geloof verloor het, of nie meer dieselfde glo as toe hulle kinders was nie, of baie twyfel oor die waarheid van ons geloof.

Hulle is ook nie skaam om te vertel dat hulle nou anders glo as voorheen nie, asof hulle nou eers bewus geword het van hoe naïef dit is om so vas te hou aan die Christelike geloof - so uit-die-oude-does. Met elkeen se volwasse-wording het hulle dan nou eers besef wat dan eintlik die waarheid is.

Hoe seker is ons dan dat ons geloof in God-Drie-enig opreg en eg is? Daar moet mos sekere maatstawwe wees waaraan ons geloof gemeet kan word. Dit wat ons egter in dié verband, en as ons luister na bogenoemde programme en sienswyses, nooit moet vergeet nie, is dat ons geloof uit en uit 'n genadegawe van God is.

Oor geloof staan daar volgens Ef. 2:8 die volgende geskryf:

*" Julle is uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie. Dit is 'n gawe van God."*

Maar hierdie geloof as 'n gawe van God moet ook deur ons beoefen word. Dit moet aan ons lewenswyse en lewenswandel gesien kan word dat ons onvoorwaardelik en opreg glo.

Jakobus sê onder andere in sy brief dat geloof sonder werke 'n dooie geloof is. 'n Ware geloof is dus baie meer as om elke Sondag net ons geloof in God Drie-enig te bely. Dit is ook baie meer as om net daarop te roem dat ons doop- en of belydende lidmate van 'n kerk is .

Maar wat is 'n ware geloof dan?

Die antwoord op hierdie vraag lê miskien baie dieper as wat ons dink. Daarom moet ons onself afvra: Wat sal die Here van ons geloof sê.

Sal Jesus ook vir elkeen van ons kan sê soos Hy vir daardie Kanaänitiese vrou gesê het:

*" Vrou, groot is jou geloof..." ?*

Ons moet onthou dat sy nie aan die verbondsvolk van God behoort het nie. Sy was na regte iemand uit die heidendom.

Sy het egter nog maar vérlangs van die besondere Jesus gehoor, en van die wonderwerke wat Hy gedoen het. Eers toe Jesus na die streke Tirus en Sidon saam met sy dissipels gegaan het, het sy Hom vir die eerste keer werklik ontmoet.



En eers na hierdie persoonlike en merkwaardige ontmoeting het Jesus vir haar gesê:

*" Vrou, groot is jou geloof."*

Hy het soiets nie eens vir een van sy dissipels gesê nie.

Net eenmaal tevore volgens Matt 8:10, het Jesus vir die Romeise offisier gesê:

*" Dit verseker Ek vir julle: Ek het nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekome nie."*

*" Groot is jou geloof."*

Weet u, ons sou dit ook graag uit die mond van die Here wou hoor vir sover dit ons eie geloof betref. Om so kinderlik opreg en onvoorwaardelik te glo, is, soos ons ook die afgelope week gehoor het, vir ons soms 'n probleem.

Hoe dikwels twyfel ons nog? Hoe dikwels is ons onseker in ons geloof? Soms is ons wat ons geloof betref onverskillig. Ons aanvaar geloof as vanselfsprekend omdat ons van kleinsaf in die geloof opgegroeie het, en omdat ons aan 'n kerk behoort.

Miskien sal ons op die vraag:

*" Wat is 'n ware geloof?"*, antwoord:

Dit is om te glo datdat Christus vir al ons sondes aan die kruis betaal het.

Maar dit beantwoord nog nie die vraag oor wat 'n ware geloof is nie.

1. Daarom moet ons eerstens, gelei deur die Heilige Gees, werklik luister en besin wat gebeur het toe die Kanaänitiese vrou by Jesus uitgekom het. In hierdie gebeure word aan ons geopenbaar waarom Jesus vir hierdie vrou uit die heidendom kon sê:

"Groot is jou geloof."

In die beskrywing van hierdie merkwaardige ontmoeting, word ons bekend gestel aan 'n vrou met 'n groot hartseer en 'n ernstige probleem. Haar dogter was erg van die duiwel besete.

Toe sy om een of ander rede gehoor het dat Jesus en sy dissipels in daardie landstreek van Tirus en Sidon aangekom het, het sy nie 'n oomblik gehuiwer nie. In 'n laaste wanhoopspoging het sy Jesus onmiddellik gaan opsoek.

En toe sy by Hom kom, het sy smekend geroep:

" Wees my barmhartig Here, Seun van Dawid."

Dit wat vir ons so merkwaardig is, is dat sy Jesus erken en bely het as die beloofde Messias. Sy, uit die heidendom gebore, was so begenadig dat sy Jesus in die geloof aanvaar het as haar enigste Redder en Verlosser.

Haar belydenis wys op die groot kontras tussen haar geloof en die ongeloof van die Jode. Maar benewens haar openlike geloofsbelydenis, word hiermee ook haar angstigheid en dringendheid om by die Here te kom, sterk beklemtoon.

Volgens vers 22 staan daar geskryf dat sy aanhoudend weer en weer geroep en gepleit het:

" Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my."

Die feit dat sy nie moed opgegee het nie, is al die eerste teken waarom Jesus later gesê het:

" Vrou, groot is jou geloof."

In haar geloof sien ons die dringende en brandende begeerte om Jesus te ontmoet. Maar ons moet dit ook in die regte perspektief sien. Hierdie vrou sou nooit by die Here uitgekome het nie as Hy nie eerste na haar toe gegaan het nie.

Jesus het nie sonder rede na Tirus en Sidon vertrek nie. Hy het ter wille van die redding van hierdie vrou saam met sy dissipels daarheen gegaan.

Ons sou ook tevergeefs na die Here toe wou gaan as Hy nie eerste na ons toe gekome het nie.

Die groot liefde en genade is dat die Here ons as verlore sondaars kom opsoek het. Dit het direk na die sondeval in die paradys gebeur. Ten spyte van die feit dat Adam en Eva vir die Here weggekruip het, het Hy tog na hulle toe gekom.

Met Jesus se eerste koms na die wêreld toe, het Hy Homself verneder om ook mens te word soos ons, behalwe vir die sonde. Die sondelose het na die sondaars gekom om hulle vuil besmette sondes op Hom te neem.

Hy het Hom met ons ellendes vereenselwig om ons van die sondedood en ewige Godverlatenheid in die hel te red. Hy het vir ons die poorte van die doderyk oopgebreek toe Hy op die derde dag uit die dood opgestaan het.

Na sy hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort sodat God elke dag by ons en selfs in ons kom woon het. Ons liggame het tempels vir die Heilige Gees geword. Ook ons as gemeente, as die liggaam van Christus, is 'n tempel van die Heilige Gees.

Elke Sondag met elke erediens kom die Here ons hier opsoek waar ons in sy Naam byeen is. Maar ons sal sy teenwoordigheid nie belewe as daar nie by ons die dringende begeerte is om na Hom toe te kom nie.

Jesus se uitnodiging volgens Matt 11 ,maak vir ons die pad oop:

*" Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart. En julle sal rus kry vir julle gemoed."*

Die eerste kenmerk van 'n opregte geloof is 'n dringende behoefte om elke dag onder die sorg van die Here te lewe. En omdat ons die liggaam van Christus en lede van die liggaam is, bestaan daar ook die gemeenskaplike begeerte by ons vir 'n ontmoeting met die Here tydens ons eredienste.

Vir daardie vrou kon dit dalk 'n waagstuk gewees het om by Jesus te gaan pleit. Dalk sou Hy geen andag aan haar gegee het nie. Sy is nie deel van die volk Israel nie. Sy kom uit die heidendom

Oënskynlik het dit aanvanklik ook gebeur. Ten spyte van haar aanhoudende gesmeek, het Jesus haar nie eens geantwoord nie. Volgens ons oordeel kan ons sê dat Hy so opgetree het asof die vrou nie bestaan nie. Hy het Hom totaal doof gehou vir haar geroep.

Maar Jesus se oënskynlike weiering om haar te antwoord, was die grootste toets vir haar geloof.

Vir ons self is dit ook baie keer so: Die Here toets ons geloof dikwels deur nie dadelik te antwoord op ons smeking nie.

Dawid moes ook dikwels in sy gebede tot God pleit en aanhou pleit sonder om onmiddellike antwoord te kry. So het hy onder andere in Ps 27:9 gesê:

*"Moet U tog nie vir my verberg nie. Moet my tog nie wegstuur as U toornig is nie. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie. Want U alleen is die God wat my red."*

Hoe moet ons dan weet dat die Here ons nie verlaat het as ons nie antwoorde kry op ons smeking nie?

Broeders en Susters, hierdie wete het ons alleen in Jesus Christus ontvang.

Kom ons gaan weer terug na die kruis op Golgotha.

Daar aan die kruis het Jesus in ons plek die grootste en ewige stilswye deur sy Vader beleef. Na drie ure van God-verlate duisternis het Jesus uitgeroep:

*"My God, My God! Waarom het U My verlaat?"*

Maar juis in daardie gebeure, toe God stilgebly het en geen woord geantwoord het nie, het die grootste omwenteling in die wêreld plaasgevind.

Juis op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo na onder geskeur. Hierdie ongelooflike gebeure is die teken en bewys dat ons pad na ons hemelse Vader vir ons oopgemaak is. Ons het vrye toegang tot Hom.

Daarom, al gebeur dit ook vandag dat die Here skynbaar nie antwoord op ons gebede nie, het ons geen rede om te twyfel en moedeloos te word nie.

Die Here se stilswye beteken nie dat Hy nie wil hoor wat ons vra nie. Inteendeel, dit dien eerder as 'n toets vir ons geloof in Hom.

Hierdie vrou het dit geweet. Daarom het sy aanhou smeeek by Jesus, nieteenstaande sy stilswye. Selfs die vernedering wat sy moes verduur toe die dissipels Jesus versoek het om die lastige vrou weg te stuur, het dit haar nie afgesit nie.

2. Dit is die tweede teken van die geloofsvertroue in die Here.

Ons is so maklik geneig om te sê: dit help nie om te bid nie. My gebede slaan teen die plafon vas. Daarde vrou het aanhoudend gepleit.

Maar dit was nog nie die einde om haar geloof op die proef te stel nie. Jesus het nie eens die dissipels geantwoord op hulle onsimpatieke

versoek nie. Maar wat die vrou betref, het Hy self die stilswye verbreek.

Nadat sy so aanhoudend by Hom gepleit het, het Hy met haar begin praat.

Luister wat Hy vir haar gesê het:

*" Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur."*

En dit is waar. Die vrou behoort nie tot die verlore skape van Israel nie.

Hiermee het Jesus begin om haar geloof tot die uiterste toe te beproef. Al weet sy en bely sy wie Jesus is, naamlik toe sy gesê het: "*Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid*", het Jesus nogtans vir haar gesê dat sy mos nie die reg het om op sy genade aanspraak te maak nie.

Maar nieteenstaande dit het sy in haar geloof volhard dat Jesus haar tog moet help. Sy het voor Jesus neergeval en gepleit:

*"Help my Here."*

Hiermee belei sy dat net Jesus haar kan help. Niemand anders is hiertoe instaat nie.

Sy was radeloos om haar dogter so te sien ly. En niemand kon haar help nie; geen dokter of sielkundige of duiwelbesweerder of enige afgod was by magte om haar dogter te red uit die greep van Satan nie.

Toe sy voor Jesus se voete neergeval het en gepleit het:

"Help my Here,"

het sy haar dogetrtjie in gedagte gehad. Dit wys hoe onafskeidbaar sy van haar kind was. Haar kind se lot was ook haar lot.

Voorbidding vir ander beteken dus ook dat jy jou volkome met ander in hulle nood vereenselwig. Ware geloof is nie self gesentreer nie. Dit neem ook ander in hulle nood en beproewing in ag.

In hierdie vrou se geloof sien ons reeds 'n ietsie van Christus se selfidentifisering met ons as mense vasgevang in ons sondenood en - dood.

Nog was dit nie die einde om die opregtheid van die vrou se geloof te beproef nie. Toe sy voor Jesus op haar knieë pleit, het Jesus vir haar gesê:

*" Dit is mos nie nie mooi om kinders se brood vir die hondjies te gooi nie."*

Dit is vir ons amper skokkend hoever die Here gaan om ons geloof in Hom te beproef.

Maar dit was nie Jesus se bedoeling om met hierdie skynbare wegwysing van die vrou se versoek haar moedeloos te maak nie.

Inteendeel, in hierdie skynbare wegwysing hoor ons reeds Jesus se liefde vir die vrou in haar beproewing. So werk die Here met sy kinders om ons geloof tot groter hoogtes te laat groei.



Daarom het hierdie gesprek tussen Jesus en die vrou die hoogtepunt bereik toe sy vir Jesus gesê het:

*" Dit is waar, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafel afval."*

Toe sy vir Jesus gesê het;

*" Dit is waar Here,"* het sy erken dat Jesus geen verpligting het om haar te help nie:

Hierdie vrou het Jesus nie eens kwalik geneem omdat Hy haar met 'n hondjie vergelyk het nie.

Dit geld ook vir ons. Ons het geen reg om uit onself daarop aanspraak te maak dat die Here verplig is om ons gebede te verhoor nie. Alles is genade.

Die vrou het egter met haar antwoord bely hoe volkome sy van die Here afhanklik is. Selfs die krummels is vir haar manna uit die hemel.

So het Jesus hierdie vroue gelei om tot die kennis van, en vertrouwe in 'n ware geloof te kom. Haar volharding in die geloof en vertrouwe in Jesus, het oorwin. Sy het smekend en biddend vasgehou aan die Here.

Uit die mond van Jesus was sy ook begenadig om te hoor:

*" Vrou, groot is jou geloof. Jou wens word vervul."*

In die lig van hierdie gebeure moet ons dit kortliks saamvat om die antwoord te kry oor wat ware geloof is. Die kenmerke van 'n ware geloof is dus die volgende:

1. 'n Ware geloof word gekenmerk deur volhardende vertroue op die Here, al wil dit voorkom asof Hy nie ag gee op jou smeekbede nie.
2. 'n Ware geloof maak jou volkome afhanklik van God: Jy het niks uit jou self waarom jy op die Here 'n beroep kan doen om jou te help nie.
3. 'n Ware geloof maak jou nederig en klein.
4. 'n Ware geloof betrek jou ook by ander in hulle nood en beproewing om ook vir hulle tot God te bid.
5. 'n Ware geloof wek by jou 'n honger en dors na God, na sy lewegewende Woord, na elke geleentheid om te luister en gehoorsaam te wees aan Hom.

Om waarlik en opreg te glo is alles genade. Ons kan dit nie met ons eie verstand en redenasies verklaar nie. Dit is 'n gawe van God, gegrond op die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis.

Die geloof het sy krag in Jesus se opstanding en oorwining oor die dood.

Omdat ons glo, het ons ook 'n toekomsvisie, die ewige lewe by God alreeds vanaf die sterfdag van elke gelowige kind van die Here.

*Want, "... geseënd en heilig is hulle wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood ( die ewige dood) geen mag nie. Hulle sal priesters van God en van Christus wees. Hulle sal saam met Jesus nou al die 1000 jaar lank regeer in afwagting op die wederkoms."*

Amen